

OORLOGSKORRESPONDENSIE VAN JAN FLORIS VAN DER WATEREN, 1900-1902

Estelle E. Pretorius
Universiteit van Pretoria

War correspondence of Jan Floris van der Wateren, 1900-1902

During the Anglo-Boer War (1899-1902) thousands of burghers from the Boer Republics were kept as prisoners of war by the British government. Jan Floris van der Wateren was separated for 32 months from his wife who was in Pretoria and during this time they corresponded regularly. The collection of 36 letters that he wrote to his wife provides interesting information about, amongst other things, his experiences on commando, the battles and the problems the burghers had to face, and Floris's life on St Helena as prisoner of war, until his return in October 1902.

This collection provides a valuable source of information on a significant period in the history of the Afrikaner at the turn of the century.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Britse regering duisende burgers van die twee Boererepublieke krygsgevangene gehou. Jan Floris van der Wateren was vir 32 maande van sy vrou in Pretoria geskei en in hierdie tyd het hy gereeld met haar gekorrespondeer. Die versameling van 36 briewe aan sy vrou verskaf interessante inligting oor aspekte soos die lewe op kommando, die gevegte, en die probleme waarmee die burgers te kampe gehad het, en Floris se lewe as krygsgevangene op St. Helena tot sy terugkeer in Oktober 1902.

Hierdie versameling is 'n waardevolle bron van inligting oor 'n belangrike tydperk in die geskiedenis van die Afrikaner teen die eeuwending.

Inleiding

Jan Floris van der Wateren (1859-1925) (figuur 1) het in 1890 uit Zeeland, Nederland, na Suid-Afrika gekom. Hy het hom in 1893 in Pretoria gevestig waar hy by die Mynboudepartement van die Zuid-Afrikaanse Republiek werksaam was¹ en in 1897 het hy volle stemreg en naturalisasie van die ZAR ontvang. Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was hy en sy vrou Janka (nee Westra), met wie hy in 1896 getroud is, in Boomstraat woonagtig, langs die huis van Gerrit Pierneef.²

In September 1899 het die ZAR deur 'n opname bepaal dat Pretoria oor 4 000 weerbare man beskik het wat elk sy eie perd gehad het. Die eerste honderd lede van die Pretoriadorkommando het op 30 September 1899 na Volksrust vertrek.³ Op 11 Oktober 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitbreek. Floris van der Wateren het 'n perd van sy buurman Gerrit Pierneef geleen en op 21 Februarie 1900 na die front vertrek. Terwyl hy op kommando was, het hy gereeld aan sy vrou geskryf en uit die 36 briewe wat tot met sy gevangenneming in Desember 1901 geskryf is, kan 'n beeld gevorm word van die daaglikse lewe op kommando, die gevegte en die probleme waarmee die burgers te kampe gehad het.

1. Longland's Pretoria Directory for 1899 (Die Staatsbiblioteek, Pretoria, 1979), p. 21.

2. *Ibid.* Gerrit Pierneef was die vader van die skilder J.H. Pierneef.

3. R. Peacock, "Die geskiedenis van Pretoria 1855-1902" (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955), pp. 314-315.



FIGUUR 1: Jan Floris van der Wateren. (1859–1925)

FOTO: MEV M.P.M. GROVÉ

Floris van der Wateren aan die front

In sy eerste brief aan Janka skryf Floris dat hulle voorspoedig gereis het en tans op Klerksdorp is: "Overall waar wij voorby kwamen hadden de vrouwkens plezier dat wij oorlog toegangen [*sic*], en werden wij byzonder hartelijk behandeld."⁴ Floris en sy kommando was op pad na Veertien Strome aan die Vaalrivier, ongeveer 21 uur te perd van Klerksdorp af. Op die aand van 3 Maart 1900 kom die kommando op Bloemhof aan waar hulle hoor dat generaal P.A. Cronjé en sy hoofmag van 4 000 man op 27 Februarie 1900 deur die Britse magte te Paardeberg tot oorgawe gedwing is. Generaal Cronjé se oorgawe was 'n groot terugslag vir die Boere: "Dit is een zware beproeving als het zoo is doch wij moeten op God vertrouwen, onze sterkte in Hem zoeken. Bid veel voor ons dat God ons kracht en moed geve om onze plicht jegens ons vaderland te doen als Christen krygsmannen en den vijand te wederstaan uit al onze macht" het Floris aan sy vrou geskryf.⁵

Op 12 Maart 1900 sluit Floris en die res van die kommando by genl. S.P. du Toit by Veertien Strome aan. Hulle moes in die oop veld slaap sonder tente, dikwels in stortreën.⁶ Twee

4. Privaatversameling in besit van mev. M.P.M. van der Walt, Tomstraat 19, Potchefstroom; hierna genoem MPM van der Walt-versameling. J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.02.23.

5. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.04.

6. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.13.

maande lank het Floris sy vrou op die hoogte gehou van die gebeure totdat die Britse magte daarin geslaag het om Veertien Strome op 6 Mei 1900 te verower.

Genl. Du Toit het op 20 Februarie 1900 opdrag van pres. S.J.P. Kruger gekry om aan die Vaalrivier stelling in te neem om te verhoed dat die Britse magte die rivier oorstreek. Du Toit het 'n uitgestrekte verdedigingslinie langs die rivier gehad en het 'n defensiewe krygstaktiek gevolg.⁷ Die dae was eentonig. Af en toe het die Britse magte aan die ander kant van die rivier die Boeremagte onder hewige kanonvuur gestreek, waarop die Boere dan insgelyks gereageer het. Verder was die burgers aan volslae onaktiwiteit uitgelewer wat 'n demoraliserende invloed op die Boeremagte gehad het. Wat die toestand nog ondraagliker gemaak het, was die feit dat die burgers min nuus uit die buitewêreld ontvang het. Hulle was uitgehonger vir nuus oor die verloop van die oorlog en oor toestande tuis. Floris het Janka telkemale versoek om alle nuuswaardighede uit Pretoria aan hom mee te deel. Sy en Floris se broer, Jacob, het gereeld koerante aan hom gestuur. Die *Standard and Digger's News* en die *Echo* het Floris op die hoogte gehou van die oorlosgebeure: "Houd toch niet op met ze te zenden want hier hoort men niets van de buitenwereld."⁸

Omdat daar so min te doen was gedurende die twee maande, het Floris gereeld geskryf en het hy in besonderhede vertel wat hulle geëet het en het hy skermutselinge in detail beskryf. Aanvanklik het die manne in die Vaalrivier gebad en kon hulle visvang wat 'n welkome afwisseling van hulle dieet was.⁹ Maar later, toe die Britte hulle te erg begin bombardeer het, moes hulle terugwyk van die waterkant af en was water skaars. "Soms gebeur het dat wy in geen week ons gezicht kunnen waschen, dus wij zien er zeker erg lief uit. De dam waar wij vroeger water uit dronken zyn een paar lydiet bommen¹⁰ ingevallen en het water is nu geel groen. Ons drinkwater halen wy nu met een tank uit putten en is goed."¹¹

In April 1900 het Floris vir sy vrou 'n uitvoerige beskrywing van die liddietbomme gegee, want twee daarvan het nie ontplof nie en het in hulle kamp gelê. Hy skryf dat die Britte 'n swaar skeepskanon vir hierdie bomme gebruik – die bomme is langer as dié van die Long Tom, maar nie so dik nie. Hulle maak 'n groot geraas, skiet diep gate in die grond en gee 'n vreeslike stank af: "Als men dat geele goed aan zyn handen krygt kan je het er byna niet meer afwaschen."¹² Verder skryf hy dat twee artilleriste gedood en drie gewond is deurdat so 'n bom in die fort 'n onontplofte liddietbom getref en beide gelyk ontplof het. Hierdie liddietbomme het bykans waardeloos geblyk te wees teen verspreide troepe, omdat die ontploffings te gekonsentreerd was.¹³

Met die verloop van die oorlog het artikels soos koffie en suiker baie skaars geword. Die Regering was verantwoordelik vir voedselvoorsiening aan die burgers, maar swak administrasie het tot tekorte gelei.¹⁴ Dit het tot gevolg gehad dat die burgers se dieet hoofsaaklik uit bekskuit, brood, mieliepap en vleis bestaan het.¹⁵ Floris vertel dat die manne af en toe vetkoek en

7. J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902*, V (Pretoria, 1983), pp. 327, 388.

8. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.29.

9. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.07.

10. Liddiet is 'n plofstof met pikriensuur as hoofbestanddeel. Pikriensuur het 'n bitter smaak en as dit ontplof gee dit geel dampe af wat effens giftig is. J.F.E. Celliers, *Oorlogsdagboek 1899–1902* met inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge deur A.G. Oberholster (Pretoria, 1978), p. 61.

11. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.29.

12. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.04.12.

13. T. Pakenham, *The Boer War* (Johannesburg, 1979), p. 229.

14. F. Pretorius, "Life on Commando" in Warwick, P. (red.) *The South African War, The Anglo-Boer War 1899–1902* (Essex, 1980), p. 116.

15. Talle Pretoriase firmas het goeie munt geslaan uit die verskaffing van voorrade aan die kommando's. Die bakkers E.G. Heather & Co. en Gillingham & Co. het daagliks onderskeidelik 4 000 pond

brood gebak het en ook stormjaers.¹⁶ Groente en vrugte was skaars. Die kere wat hulle wel groente of 'n bietjie melk in die hande gekry het, het Floris uitgebreid daarvan in sy briewe geskryf. Só vertel hy byvoorbeeld die dag toe hulle snyboontjies en aartappels te ete gehad het: "... dat is een heele verandering en heeft ons goed gedaan."¹⁷ Hy het haar 'n paar keer versoek om gemengde suurtjies, brandewyn en droëvrugte soos pruime en perskes, vir hom te stuur omdat hulle beperkte dieet spysverteringsprobleme veroorsaak het.

Aanvanklik kon die manne aan die front gereeld pakkies met voedsel, koerante en ander lewensmiddele van die huis afontvang. Spesiale reëlins is getref vir die versending van pos en pakkies na die front. Alle briewe moes die naam van die geadresseerde dra, die naam van sy betrokke kommando en dié van sy veldkornet. Verder mag die pakkies nie meer as sewe pond (15,4 kg) geweeg het nie en is dit op die sender se risiko gestuur.¹⁸ Dikwels het die pakkies dan ook nie hulle bestemming bereik nie. Floris het Janka versoek om pakkies liefs per poskar te stuur, want as sy dit per spoor sou stuur, sou dit net tot op Klerksdorp gaan en daar bly lê.¹⁹ Die versending per poskar sou ook die gevaar van diefstal verminder.²⁰

Op 18 Maart is daar tydens 'n hewige skermutseling twintig van die Boerekommando se perde gedood en baie gekwes, waaronder ook Floris se perd. Daar het by tye tot sewe bomme per minuut in hulle kamp geval. Daardie aand moes hulle van posisie verander en het die hele nag deur forte gemaak, gegrawe en gepik: "Zodra er nu een kanonschoot valt kruipen wij in onze schansen en leven als hazen en konijnen in gaten en holen."²¹ Hy skryf dat geeneen van die Pretoriadorp-kommando tydens dié geveg gewond of gedood is nie.

Die Boer op kommando was bykans magteloos sonder sy perd en elkeen het sy perd goed versorg. Ongeluk is baie perde van Floris se kommando aan perdesiekte dood, soos hy op 16 April skryf. Verder was daar 'n vlieëplaag wat nie net die manne op kommando geteister het nie, maar ook veroorsaak het dat die perde se oë stukkend gevreet is. Die manne het geen oomblik rus van die vlieë gehad nie – hulle sit swart op die vaalbosse, sit op elke klein seertjie en veroorsaak swere: "... 't Zijn de runderpest vliegen zeggen de boeren, van die groot blauwe groenen brommers met groote oogen."²² Als je je kombaarsen buiten legt hebben zij er 's avonds hopen maaiers op geschieten als vuisten. Onze kombaarsen moeten dus altyd binnen blijven. Van vlooien hebben wij echter geen last."²³ Floris se perd, wat op 18 Maart gewond is, het die loop geneem en is eers heelwat later by Taungs gevang met 'n bomskerf in sy linkerboud. Floris het alles in sy vermoë gedoen om die dier se lyding te verlig. Die dokter na wie hy die perd geneem het, het nie kans gesien om die bomskerf te verwyder nie en Floris het die wond soggens en saans gewas totdat die perd herstel het.

(ongeveer 1800 kg) en 10 000 pond (ongeveer 4500 kg) beskuit voorsien. Gillingham & Co. het sy prys op 27 Oktober 1900 van 7/6 na 10/- per 100 pond (ongeveer 45 kg) beskuit verhoog. Sammy Marks het meliemeel teen 20/- per sak verskaf. (B.M. Theron, "A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War: October 1899 - June 1900" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1984), pp. 39-40.)

16. Stormjaers is van meelblom gemaak – koeke wat in kokende vet gebraai is. (MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.18; 1900.03.22).
17. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.04.05.
18. B.M. Theron, p. 216.
19. Klerksdorp was die eindpunt van die spoorweglyn na die Transvaalse suidwestelike grens.
20. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.04.16.
21. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.03.22.
22. Volgens Floris van der Wateren se beskrywing is dit die beesbrommer (*Chrysomya bezziana*), 'n donkergroen vlieg, soms byna blou, met 'n kort, breë liggaam (H.O. Mönnig en F.J. Veldman, *Handboek oor veesiektes* (Kaapstad, 1981), p. 188).
23. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.04.19.

Geveg van 24 April 1900

Op 6 en 7 April het die Britte onverwags 'n hewige aanval op Du Toit se stellings geloods, wat die Boeremagte opnuut laat besef het dat lord Methuen 'n groot gevaar vir die Boere aan die westelike front inhou. Dit was duidelik dat Du Toit nie die geskikte persoon was om die vyand deur offensiewe krygstaktiek te verdryf nie. Hy was totaal ontsenu deur hierdie aanval en het op versterkings aangedring, waarna die sterk Krugersdorpse kommando aan hom toege- wys is.²⁴

Intussen het die Britte ook versterkings gekry en om 10 vm die oggend van Dinsdag 24 April, skryf Floris inderhaas dat die Britte al van sonop af op hulle begin skiet het en dat vier Nederlanders reeds gewond is. Floris was een van die 655 burgers wie se stelling aangeval is en Du Toit het later verklaar dat hulle baie dapper was. Agt burgers is in die geveg gewond en twee gedood.²⁵ Op 27 April beskryf Floris dié geveg volledig en vertel dat die burgers twee dae lank daarna in die oop veld moes skuil, en snags moes sukkel om die kamp te verskuif en sterker walle om die kanonne te maak.

Hierdie aanval deur die Britse magte van Methuen en lt.-genl. A. Hunter was net 'n rookskerm. Hulle was nie van plan om toe al die Vaalrivier oor te steek nie, maar het die Boeremag besig gehou sodat lord Roberts met die hoofmag ongemerk kon naderkom tot op die linkerflank.²⁶ Du Toit was onder die indruk dat lord Methuen die Vaalrivier by Veertien Strome wou oorsteek. Gevolglik het hy hierdie punt swaar beman en ander belangrike strategiese oorgange onderbeman. Verder het hy nagelaat om die ligging van die vyand se stellings en sy getalsterkte deur behoorlike verkenning te bepaal.

Britse inname van Veertien Strome: 6 Mei 1900

Intussen het die Britse magte begin opruk vir 'n aanval en op 4 Mei het die vyandelikhede begin toe die vyand die Vaalrivier by Windsorton oorgesteek het (figuur 2). Die Britse aanvoerdere het Du Toit só deur hulle bewegings verwar dat hy sy krygsmag verbrokkel het ten einde te poog om oral langs die gevegslinie moontlike aanvalle af te weer. Op 3 Mei het die Britte die Boere weer onder spervuur geplaas met hulle groot kanonne en liddietbomme: "De Heere heeft ons tot nog toe wonderlyk bewaard want verscheiden bommen zyn naby gebars- ten doch niemand geraakt."²⁷ Die Boerekommando moes die volgende dag weer gate graawe om in weg te kruip, het Floris geskryf.

Op Sondag 6 Mei het Du Toit aan pres. Kruger berig dat die Britte Veertien Strome oorgeneem het. Die vyandelike oormag was te sterk en die Boere moes retireer. Só het Floris die swaar geveg beskryf: "Zij hebben ons vreeselyk gebombardeerd met hun groot kanonnen en Lydiet kanonnen en Maxims doch de menschen te Veertienstroom zijn in hun posities gebleven maar moesten natuurlyk terugtrekken toen de anderen hun posities verlaten hadden uit vrees van omgetrokken en vast gekeerd te worden. De kanonnen hebben wy toen uitge- kregen doch van ons goed moesten wij veel laten liggen daar eerst de ammunitie moest worden opgeladen, en de Engelschen al in onze nabyheid waren."²⁸ Dit was 'n groot terugslag vir die Boere, want die Zuid-Afrikaansche Republiek was nou ernstig bedreig. Op 9 Mei het genl. J.H. de la Rey na die wesgrens vertrek om as hoofgeneraal op te tree. Du Toit het dit as 'n per- soonlike belediging beskou, maar moes uiteindelik by die planne inval.²⁹

24. J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, V, pp. 386-389.

25. *Ibid.*, p. 390.

26. *Ibid.*, p. 391.

27. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.05.03.

28. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.05.10.

29. J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, V, pp. 495-496.

**DIË BRITSE OFFENSIEF TOT BY KROONSTAD
(30 APRIL – 12 MEI 1900)**

Hooftpaae

Spoorwee

Roope en Spruite

Vormlye

Britse opmarsroete

Britse Hootmagt, t. v. Lord Roberts; swakkeerpunte

Britse regterflank (o. b. v. van marmer); swakkeerpunte

Britse kavalerystaligting (o. l. v. van genti. French); swakkeerpunte

Britse linkerflank (o. l. v. van genti. Hunter)

Die twee brigades van lord Methuen se divisie

Kommando's van genti. C. R. de Wet

Kommando's van genti. De la Rey en Smuts (sedert 7 Mei 1900)

deur komd. genti. Louis Botha aangevoer

Kommando's van genti. P. Botha

Kommando Kaapse Rebelle teenoor Kalmberg

Die twee komd. genti. C. R. de Wet, De la Rey en Smuts teen die Britse

aanval teen die komd. genti. Louis Botha teen die Britse

aanval teen die komd. genti. P. Botha

aanval teen die komd. genti. P. Botha

aanval teen die komd. genti. P. Botha

0 10 20 30 40 50 60 70



FIGUUR 2: *Die Britse offensief tot by Kroonstad (30 April – 12 Mei 1900).*

Uit: J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902, V (Pretoria, 1983), teenoor p. 482.



FIGUUR 3: *Jan Floris van der Wateren met sy vrou Janka en hulle dogtertjie Geertruida, kort na Floris se tuis-koms van St. Helena af, ca. Desember 1902.*

(FOTO: MEV M.P.M. GROVÉ)

Op 10 Mei was Floris en die res van die kommando besig om in die rigting van Mafeking te trek. Hulle het egter nie geweet of Mafeking wel hulle volgende bestemming sou wees of nie, omdat alles van die Britte se bewegings afgehang het. Met die Britse verowering van Veertien Strome moes die burgers inderhaas die wyk neem en die meeste van hulle persoonlike besittings agterlaat. Al wat hulle oorgehou het, was hulle perde en 'n paar komberse. So het Floris se warm kakiejas en eetgerei agtergebly. Op 20 Mei skryf hy dat hulle in die omgewing van Wolmaransstad rondtrek en dat dit snags baie koud is. Die mans slaap al weke lank ten volle geklee en hou selfs hulle skoene aan indien hulle inderhaas moet vertrek. Nuus was nou nog skaarser as voorheen: "Nieuws horen wy niet van andere plekken. Schryf mij toch zoo van alles waar ik belang in stel, je weet hier is een brief van huis een heele blijdschap want wy zitten hier eentonig afgesneden van bewoonde plaatsen."³⁰

Floris van der Wateren as krygsgevangene

Ná Mei 1900 het daar geen kommandobriewe van Floris bewaar gebly nie, waarskynlik te wyte aan die guerrilla-oorlogvoering. Sy volgende briewe is vanuit die "Prisonierskamp" in Pretoria geskryf, nadat hy in Desember 1901 gevange geneem is. Waar Floris ondertussen rondgeswerf het, en hoe hy gevange geneem is, is onseker. Na die Britse oornome van Veertien Strome het De la Rey besluit dat Du Toit en kommandante F.J. Potgieter en J.F. de Beer in Bloemhof en Wolmaransstad moes optree.³¹ Indien Floris nog in Du Toit se kommando was, kan dit wees dat hy onder die burgers was wat in Mei 1900 van die westelike front af opgeruk het om Roberts te verhoed om Pretoria binne te val.³²

Floris se eerste brief as krygsgevangene is gedateer 27 Desember 1901. Hy bedank Janka vir die mandjie met botter, konfyt, appels en atjar: "Wij doen deze artikelen alle eer aan en weten soms niet of we droomen of in de werklykheid verkeerem. Mijn maats hebben ook veel koek en pudding van hunne familie gekregen en wy eten bijna van den ochtend tot den avond." Die gevangenes is nie ingelig wanneer hulle weggeneem sou word of wat hulle bestemming sou wees nie. Janka is toegelaat om Floris een keer te besoek en op 30 Desember 1901 is die krygsgevangenes bloot aangesê om in te pak, "... dus gaan wy zeker heden weg. Ik heb je van morgen nog gezien doch kende je eerst niet met in [*sic*] je zwarte japon."³³ Janka sou Floris eers baie maande later weer sien, want hy sou eers weer in Oktober 1902 by sy gesin in Pretoria terug wees (figuur 3). Vir oulaas het sy vir hom stormjaers gebak: "De stormjagers zullen ons op reis goed te pas komen met dat vleesch en blikjes goed. De reisdeken zal ik maar houden, daar wij maar 1 kombaars krijgen."³⁴

Die Britse leerleiding het spoedig na die aanvang van die oorlog probleme met die groot aantal krygsgevangenes se huisvesting begin ondervind. Hulle was nie voorbereid om groot getalle krygsgevangenes doeltreffend volgens die voorskrifte van die Haagse Konvensie van 1899 te huisves nie. Aanvanklik is krygsgevangenes tydelik in militêre kampe soos by Umbilo en Ladysmith aangehou, maar die moontlikheid was groot dat die beweeglike Boerekommando's hulle makkers kon bevry en verder was daar ook kans op ontsnapping. Die oplossing was dat bestaande militêre kampe elders in die Britse Ryk opgeknop moes word en dat krygsgevangenes daarheen verskeep word.³⁵ Nagenoeg 24 000 Boere is uiteindelik na oorsese

30. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1900.05.10.

31. M.A. Gronum, *Die Engelse Oorlog 1899–1902; Die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is* (Kaapstad, 1972), p. 63.

32. J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, V, p. 544.

33. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1901.12.30.

34. *Ibid.*

35. J. de Villiers (red.), *Rondom die Anglo-Boereoorlog 1899–1902; 'n Keur uit die fotoversameling van wyle Christofer Kriel* (Johannesburg, 1979), p. 125; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902" (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), p. 11.

kampe verskeep. Onder hulle was daar ook 'n aantal buitelanders wat vrywilliglik aan die stryd deelgeneem het, soos Hollanders en Duitsers.³⁶

Op pad na St. Helena

Op 1 Januarie 1902 skryf Floris van der Wateren aan sy vrou vanuit Ladysmith, "Prisoners Camp, Room B, Tin Town: Wy zyn in een ruim kamp en hebben goeden gebouwen waarin wij gehuisvest zijn. Ook kunnen wy tegen billyken prys hier alles koopen zooals vruchten enz. van Koelies die hier in 't kamp komen. Alles in 't kamp word hier goed schoongehouden doch 't is banja warm in Ladysmith."³⁷ Dit was vir die burgers, wat lang maande aan 'n primitiewe leefwyse in die oop veld blootgestel was, 'n aardigheid om weer met messe, lepels en vurke uit borde te eet. Hy skryf verder dat die manne die tyd verwyd deur bekendes op te soek; twee keer per dag word godsdiens gehou en saans moet hulle om 21:00 in hulle kamers wees.

Op 7 Januarie 1902 gaan Floris en 'n groep krygsgevangenes in Durban aan boord van die *Roslin Castle* – dieselfde boot waarop Floris twaalf jaar vantevore in Suid-Afrika aangekom het. Vier dae later is die gevangenes oorgeplaas na *The Orient*, sonder dat hulle aangaande hulle eindbestemming ingelig is: "De zee was nog al ontstuimig en de kleine boot die ons naar het groote schip overbracht schommelde geweldig zoodat bijna allen vreeselijk zeeziek werden en dachten dat zy dood gingen. 't Was vermakelijk de grootste lawaaimakers waren kiep stil en te ziek dat zij uit hun oogen zagen ... Men zegt dat wij naar Sint Helena gaan doch zeker weten wij het niet"³⁸ Floris is toe inderdaad na St. Helena gestuur. Die ruimte aan boord van die Britse transportskepe was beperk, die slaapplekke met luise besmet en boonop het baie krygsgevangenes ernstig aan seesiekte gely. Die ouderdomme van die manne het gewissel van klein seuntjies van ses tot ou grysaards.³⁹ Die meeste krygsgevangenes is na die Britse eilande St. Helena, Bermuda en Ceylon gestuur, asook na kampe in Indië.

St. Helena

Die eerste oorsese krygsgevangenekamp wat vir die Boere ingerig is, was op die eiland St. Helena, waar 514 Boere op 16 April 1900 aan boord van die *Milwaukee* aangekom het.⁴⁰ Elf dae voor die aankoms van die eerste Boerekrygsgevangenes het die eiland se goewerneur, R.A. Sterndale, 'n proklamasie met betrekking tot die gevangenes uitgevaardig. Hy het 'n beroep op die eilandbewoners gedoen om die mans vriendelik en bedagsaam te behandel: "... which should be extended to all men who have fought bravely in what they considered the cause of their country ..."⁴¹ Baie gevangenes het getuig dat die inwoners hulle goed behandel het.⁴² 'n Krygsgevangene het sy aankoms in die hoofstad van die eiland, Jamestown, soos volg beskryf: "Hieraan hebben deze menschen zich dan ook van den beginnen af gehouden: geen uitjouwen of naroeppen, zooals die ellendige Kaffers te Kaapstad en Simonstown, alleen een stil verwonderd zien naar zooveel vreemde gezichten."⁴³

Na die aankoms van die *Orient* en die *Brittania* aan die begin van 1902 was daar 5 866 krygsgevangenes op St. Helena. 'n Groot aantal van die 4 000 burgers wat onder leiding van

36. M.C.E. van Schoor (red.), *Die Bannelinge. A.B.O.-Boerekrygsgevangenes 1899-1902. 'n Gedenkbrosjure* (Bloemfontein, 1983), pp. 1-2.

37. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1902.01.01.

38. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1902.01.13.

39. J. de Villiers, p. 125; S.P.R. Oosthuizen, p. 11.

40. B. Farwell, *The Great Boer War* (London, 1976), p. 420.

41. O.J.O. Ferreira, *Krygsgevangenschap van L.C. Ruijsenaers 1899-1902* (Pretoria, 1977), p. 115.

42. K. Roodt-Coetzee, "Die lief en leed van die Banneling" in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949), p. 509.

43. O.J.O. Ferreira, p. 115.

genl. P.A. Cronjé op 27 Februarie 1900 by Paardeberg opgetree het, is in die Broadbottom- en Deadwoodkamp aangehou.⁴⁴ In Deadwoodkamp waar Floris van der Wateren tuis was, was daar sowat 180 tente wat elk twaalf krygsgevangenes kon huisves. Die Boere het begin om vir hulle huisies te prakseer uit leë beskuitblikke, aalwynstamme, sakke en komberse en so het “Blikjesdorp” ontstaan – sewe rye van hierdie pondokkies op die aangrensende terrein langs die tente.⁴⁵ Floris en sy vriend, Eduard van der Horst, het in so ’n huisie gewoon: “ ’t Waait hier soms zoo hard dat wij bang zijn dat ons huisje van blik nog eens om zal waaien.”⁴⁶

In Maart 1902 het Floris vir Janka geskryf dat die krygsgevangenes toegelaat word om een brief per maand huis toe te skryf.⁴⁷ Dit is begryplik dat posdag op St. Helena ’n dag was waarna elke man gretig uitgesien het. Die gevangenes is later toegelaat om meer te skryf en tussen Januarie en September 1902 is 16 000 poskaarte en briewe van St. Helena af na Suid-Afrika gestuur. Die mans moes self seëls koop, maar die owerheid het papier en koeverte voorsien. Alle briewe is gesensor. Posdag het soms meer droefheid as vreugde gebring. Daar het gereeld berigte van siekte, dood en ellende gekom, veral uit die konsentrasiekampe. Só het C.R. Kotzé ’n tipiese posdag beskryf: “Waarlik, op hierdie posdag is almal se hart weer vol en gaan almal se gesprekke weer oor plase wat verwoes is, huise wat afgebrand is, kerke wat verniel is ... oor moeders, eggenotes, susters en dogters, wat ook nou gevang is, wat siek is of wat dood is. Tot laat in die aand dwaal die manne so alleen in die kamp rond: jy joor hulle sug, jy sien hoe hulle trane afdroeg ...”⁴⁸ Floris het Janka versoek om elke week vir hom te skryf, wat sy ook gedoen het.

Floris vertel dat die dae eentonig is en dat die mans hulle maar met allerhande beuselagtig-hede besighou: “Zaterdag heb ik de wasch gedaan maar hemden opvouwen gaat nog moeilijk. ’s Morgens maken wy ons huisje schoon, vegen het aan en maaken de boel in orde. Als er kleeren stukkend zijn worden die gerepareerd en weer heel gemaakt zoo goed als wy kunnen.”⁴⁹ Sommige gevangenes het aanvanklik vir tydverdryf allerhande artikels uit been en hout vervaardig, maar het dit later begin verkoop. Klein bedryfies het ook ontstaan, soos ’n “Snijerswinkel”, ’n “Schoenmakerswinkel”, ’n pannekoekstalletjie, ens.⁵⁰

Floris het verskeie vriende op St. Helena gehad, maar het veral aanklank gevind by twee jong Nederlanders, lede van die Hollanderkorps, peleton II, wat beide op 21 Oktober 1899 te Elandslaagte deur die Britte gevange geneem is.²¹ Van der Horst wat saam met Floris ’n blikhuise gedeelte het, word deur Floris beskryf as “... een goed jongmensch met wie ik goed klaar kom, en van ons gemeente.”⁵² Floris se ander gewaardeerde vriend was Hendrik van der Veen. Hy is in Augustus 1902 terug na Suid-Afrika en het, op versoek van Floris, ’n besoek aan Janka gebring om haar oor haar man se welsyn gerus te stel.

Floris se vrou het, soos talle ander vroue van krygsgevangenes, sonder ’n inkomste tuis gespartel om kop bo water te hou. Om al hulle verpligtinge na te kom en vir hulle dogtertjie Geertuida te sorg, moes sy allerhande planne bedink om aan die lewe te bly. Sy het groente en vrugte in haar dorpstuintjie verbou en dit verkoop; blomme verkoop; wasgoed gewas vir alleenlopende mans en uiteindelik selfs ’n hele paar loseerders en tafelloseerders gehad. Op die duur het haar gesondheid daaronder begin ly en haar moedeloosheid het soms onver-

44. M.C.E. van Schoor (red.), p. 1.

45. O.J.O. Ferreira, pp. 24-25.

46. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1902.09.13.

47. In Maart 1902 het kolonel A.J. Price reëls bekendgemaak ten opsigte van korrespondensie. Dit het onder meer behels dat elke krygsgevangene geregtig was om twee briewe per maand te skryf. Elke brief se lengte is beperk tot 500 woorde. (Transvaalse Argiefbewaarplek: V3246,A1578).

48. C.R. Kotzé, *My Ballingskap (St. Helena)* (Bloemfontein, 1942), p. 65.

49. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1902.03.19.

50. *De Boeren op St. Helena* (Amsterdam, s.j.), pp. 30, 66.

51. O.J.O. Ferreira, p. 191.

52. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1902.02.22.

mydelik in haar briewe aan haar man deurgeskemer. Floris was baie bekommerd oor sy vrou en gefrustreerd oor sy magtelooheid om haar by te staan: "Ik maak my bezorgd over jullie..Wat heb je het druk lieve vrouw. O kon ik je toch maar helpen ..."53

Vrede

Na lang onderhandelinge en samesprekinge tussen die leiers van die twee Boererepublieke is daar uiteindelik besluit om vrede te sluit op die Britte se voorwaardes, veral in die lig van die haglike toestand waarin die verwoeste Republieke verkeer het, die sterftes van vroue en kinders in die konsentrasiekampe en die oormag van die vyand. Op 31 Mei 1902 is die voorwaardes van oorgawe in Pretoria onderteken. Dit was die einde van die twee Boererepublieke. Vroeg in Junie het die wapenaflegging plaasgevind. Een en twintig duisend bittereinders het hulle opwagting gemaak en hulle gewere in hope neergegooi – in daardie stadium van die oorlog hoofsaaklik gebuite Britse Lee-Enfields.⁵⁴ Maar dit sou nog maande duur voordat die vroue en kinders en al die krygsgevangenes weer tuis sou wees.

Floris van der Wateren maak eers in sy brief van 28 Junie 1902 melding van die vrede-sluiting: "De vrede is nu eindelijk gesloten zoo wij hooren, ik hoop dus dat wij elkander binnen niet te langen tijd in welstand zullen ontmoeten." Hy was egter onder die heel laaste groepe krygsgevangenes wat St. Helena verlaat het en sou eers vier maande na dié brief terug wees by sy gesin. Die eerste groep krysgesvangenes wat St. Helena verlaat het, het op 26 Junie 1902 aan boord van die *Canada* vertrek en die laaste groep is op 21 Oktober 1902 weg.⁵⁵ Op 13 September 1902 skryf Floris dat dit nou stil word op die eiland – ongeveer 3 500 gevangenes is al weg: "Wij loopen nu vrij rond en komen 's avonds weer in 't kamp, de vrijheid is toch zoet."

Op 8 Oktober vertrek Floris saam met 'n groep krygsgevangenes aan boord van die *Oratava* na Suid-Afrika. Op 14 Oktober het die skip in Kaapstad vasgemeer waar dit tot die 19de in die dokke gelê het. Die mans het beurte gemaak om skottelgoed te was en vloere te skrop. 'n Paar dae later skryf Floris vanuit Durban aan sy agtergeblewe vriende op St. Helena: "'t Is toch heerlijk op Afrikaanschen grond. 't Is of er nieuw leven in ons komt. De *Oratava* was een groot mooi schip. Zy hebben ons goed behandeld, goede kost, de meeste mogelijke vrijheid en schoon, eikone (aikóna) luizen."⁵⁶

Die lang seereis was verby toe die skip op 22 Oktober 1902 in Durban aangekom het. Van daar het die mans na hulle onderskeie tuistes vertrek en is Floris na 'n skeiding van 32 maande met sy vrou en kind herenig. Floris van der Wateren is op 27 Desember 1925 in Pretoria oorlede. Hy het sy vrou en ses kinders agtergelaat.⁵⁷ Janka van der Wateren was 22 jaar lank 'n weduwee voordat sy op 8 Januarie 1947 oorlede is.

53. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. van der Wateren, 1902.08.30. Vgl. E.E. Pretorius, "Die vrou van 'n krygsgevangene in Pretoria, 1900-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunstgeskiedenis*, Januarie 1988, pp. 10-18.

54. T. Pakenham, p. 571.

55. O.J.O. Ferreira, p. 29.

56. MPM van der Walt-versameling: J.F. van der Wateren – J. Scholtmeyer, 1902.10.23.

57. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, 59035: Sterfkennis en boedel van J.F. van der Wateren, Desember 1925.